

Sing vooraf staande: Psalm 15:1, 5 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 5 Dié wat geen hoop op roof wil stel / en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel / om wie onskuldig is, te kwel – / hy sal nie wankel immermeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betoel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Skriflesing: Lukas 12:1-21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 42

Kernvers: Lukas 12:15; Eksodus 20:15

En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie.

(Lukas 12:15 AFR53)

Jy mag nie steel nie. (Eksodus 20:15 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 110: Wat verbied God in die agtste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Efes 4:28.

Tema: Ware rykdom in God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer ons by die agtste gebod kom en hoor dat ons nie mag steel nie, dink ons onmiddellik aan goed wat aan ander mense behoort wat deur iemand anders op 'n onregmatige wyse in die hande gekry word. Dit is natuurlik wat die Here ook bedoel met die agtste gebod. Maar as ons nou in gedagte hou wat ons in Psalm 24 gesing het en weer na die laaste sin in die antwoord op vraag 110 kyk – **Hy verbied ook alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes** – kom ons agter dat dit oor meer as net ander mense se goed gaan. Dit gaan in werklikheid oor die Here se eiendom.

Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan ... (Psalm 24:1 AFR53)

Die ganse aarde en alles wat op hierdie aarde is, behoort aan die Here. Alle mense behoort aan die Here omdat Hy hulle geskep het. Geen mens het geheel en al oor homself seggenskap nie. Dit is die Satan wat mense wysgemaak het dat hulle hulle eie baas kan wees, want sy oogmerk is om wat aan die Here behoort van die Here te steel. Die Satan eien homself die reg toe om mense te wil besit. Met die sondeval het hierdie gesindheid ook by die mensdom posgevat.

In werklikheid besit die mens niks op aarde nie. Ons sing daarvan in Psalm 119:

Wat besit ek hier op aarde? Niks is daar wat my behoort. (Psalm 119:7 berymd)

Alles wat die mens het, het hy ontvang as 'n gawe uit die hand van die Here. Hy het dit ontvang, nie om dit te besit asof dit syne is nie, maar om dit te bestuur en op te pas en te gebruik sodat God die eer en die heerlikheid kan ontvang omdat Hy die eintlike Eienaar van alles is wat aan die mens toevertrou is. Alles wat aan ons toevertrou word, is die Here se gawes. As rentmeesters of bestuurders moet ons dit gebruik sodat Hy bevoordeel kan word.

In plaas daarvan dat die mense nog goeie rentmeesters is, soos wat Adam en Eva voor die sondeval was, is die mense nou gierigaards. Hulle wil nie van die Here ontvang nie – hulle wil eerder vat en gryp. Hulle wil nie die Here se eiendom bestuur sodat almal daardeur bevoordeel kan word en God al die eer ontvang nie – hulle wil nie deel nie maar gierig daaraan vasklou. Gierigheid is die gesindheid wat by alle mense posgevat het. En gierigheid oorheers alles wat die mens dink, doen en sê.

Kyk maar net na hierdie man wat daar in die skare was terwyl Jesus gepreek het. Jesus is besig om onderrig te gee oor wie eintlik gevrees moet word, naamlik God, want Hy is by magte om iemand na sy dood in die hel te werp. Jesus gee onderrig oor getrouheid aan die Seun van God en oor sonde teen die Heilige Gees. Jesus is besig om lewensbelangrike onderrig te gee – sake wat te doen het met 'n mens se ewige bestemming in die hemel of die hel – en waaraan dink hierdie man terwyl Jesus preek? Hy dink aan die erforsie wat hom moes toegekomp het, maar waaruit sy broer hom verkul het.

Studies wat al oor die luistervermoëns van mense gedoen is, het aangetoon dat 'n mens omtrent vier keer vinniger kan dink as wat hy kan praat. Terwyl 'n mens dus na iemand luister, is dit moontlik dat jou gedagtes op ander plekke kan dwaal terwyl jy nog die trant van die gesprek kan volg. Elkeen van ons kan daarvan getuig.

Jesus is besig met hierdie lewensbelangrike onderrig toe hierdie man uit die skare vir Hom sê:

Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel.
(Lukas 12:13 AFR53).

Hierdie man se gedagtes was oorheers deur die probleem wat hy het. Hy het daar tussen die skare gestaan, nie om die Woord van die Here te hoor nie, maar dat Jesus sy probleem moet oplos.

Aangesien Jesus God is en daarom ook alwetend, sou Hy geweet het dat die broer na alle waarskynlikheid onregverdig opgetree het. Maar in plaas daarvan dat Jesus Homself by hulle gekibbel oor 'n erforsie laat betrek, het Hy die hart van hierdie man in die skare gesien in die versoek wat hy tot Hom gerig het. Die broer was seker ook gierig, daarom wou hy die erfenis nie deel nie. Maar hierdie man het ook met 'n stuk gierigheid in sy hart gesit. Hy was gepla oor wat hy in hierdie wêreld verloor as hy nie deel kry aan die erfenis nie, maar hy het nie gedink aan alles wat hy gaan verloor as Hy nie Jesus se onderrig ter harte neem nie.

Daarom gee Jesus eers die waarskuwing:

Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie. (Lukas 12:15 AFR53)

Daarna vertel hy die gelykenis van die ryk dwaas om sy punt te beklemtoon. Die wyse waarop Jesus hierdie waarskuwing uitspreek, maak dit duidelik dat 'n mens voortdurend in jou pasoppens moet wees vir hebsug en gierigheid. Gierigheid is nie iets wat jou skielik oorval nie. Gierigheid bekruip 'n mens stadig, neem stadig sy intrek in jou lewe en as jy jou kom kry, is jy in sy wurggreep. Dit is soos wat Jesus dit in die gelykenis van die saaiër verklaar. Die deel saad wat tussen die dorings geval het, is die mens wat die woord hoor, maar die sorg van die wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord (Matt 13:22). Niemand besluit sommer op 'n dag om gierig te raak nie. Soos die dorings stadig maar seker groei en die saad wat opgekomp het verstik, so kom gierigheid stadig in en kry jou in sy wurggreep.

Ons almal is tot enige sonde in staat, want ons is sondaars. Dus is ons almal tot gierigheid in staat. Maar hoe kan ek weet of gierigheid al sy verstikkende werk in my lewe begin het omdat ek nie in my pasoppens was nie? Daar is 'n paar vrae wat elkeen homself kan afvra:

- Dwaal my gedagtes meer gereeld na materiële dinge as wat ek aan God dink? Dink ek meer oor daardie nuwe kar of rok wat ek wil koop, as wat ek daaraan dink om die Here beter te leer ken?

- Het ek al by geleentheid my verantwoordelikheid teenoor die Here eenkant geskuif om finansiële voordeel te geniet? Het ek al daaraan gedink om te lieg sodat ek finansiël beter daaraan toe kon wees of om 'n finansiële ramp te vermy?
- Geniet ek materiële voordeel meer as om die Here te leer ken? Gaan my blydschap oorboord as ek uiteindelik daardie nuwe kar of rok kan kry, maar wanneer daar oor die Here gepraat word, is ek verveeld?
- Hoe reageer ek wanneer ek materiële dinge verloor in 'n ramp of diefstal? Voel dit of my wêreld in duie gestort het en ek nie meer verder kan gaan nie?
- Wat doen ek as ek skielik 'n groot som geld kry? Dink ek eerste aan al die dinge wat ek vir myself nou kan bekostig of dink ek eerste daaraan hoe ek dit kan aanwend om God te verheerlik?

Indien ek ja op een van hierdie vrae kon antwoord omdat ek eerder oor die wêreldse dinge begaan is, dan moet ek ernstig en deeglik my motiewe begin ondersoek. Indien ek ja kon antwoord op een van die vrae, kan ek maar weet dat gierigheid al sy merk op my lewe en my siel gemaak het.

Maar nou kan iemand vra: Is dit dan verkeerd om vir jouself 'n goeie en gemaklike lewe uit te werk? Kan 'n mens nie tog die Here dien en ook nog ryk word in hierdie wêreld nie? 'n Mens moet mos maar net versigtig wees dat jy nie opgeslurp word deur jou besittings nie. Jesus maak dit egter baie duidelik dat 'n mens nie vir God en Mammon kan dien nie. 'n Mens moet 'n keuse maak waarin jy jou lewe wil belê.

Iemand wat sy lewe in hierdie lewe in aardse dinge belê, erken nie meer Christus se seggenskap oor sy lewe nie. Luister net hoe praat hierdie ryk dwaas. Tel 'n bietjie hoeveel keer praat hy van *ek* en *my*. Tot tien keer in die 53-vertaling as ek vinnig tel. Hy praat van *my* oes, *my* skure, *my* opbrengste, *my* goed en uiteindelik ook van *my* siel. Alles is syne – ook sy siel – dink hy.

Niks behoort aan ons nie. Alles behoort aan die Here. Hy gee dit vir ons om te gebruik. Ons mag die kar gebruik, mag die huis gebruik, mag die salaris gebruik, maar op die ou end bly Hy alleen die Eienaar daarvan. Ons lewe is ook nie ons s'n nie. Ons behoort aan Jesus Christus, want Hy het ons met sy kosbare bloed uit die mag van die Satan en die sonde gekoop. So is dit, tensy ek lieg wanneer ek Sondag 1 se eerste vraag en antwoord bely.

Aangesien alles dan aan die Here behoort en ons dit maar net vir Hom bestuur, sal ons uiteindelik ook aan Hom rekenskap moet gee oor wat ons met sy goed gedoen het. Oor die salaris, oor die huis, oor die verstandelike vermoëns, oor alles sal Hy van ons rekenskap eis, want alles behoort aan Hom.

Vir hierdie ryk dwaas het alles om homself gedraai. Dit is hy wat hard gewerk het. Dit is hy wat slim besluite gemaak het. Dit is hy wat gesê het: Ek sal dit doen. Maar nie een keer vra hy: Here, wat wil U hê moet ek doen, nie.

Gierigheid maak nie net dat 'n mens God ignoreer nie; dit maak ook dat 'n mens die waarde van verhoudings met ander mense ignoreer. Selfs 'n blinde kan aanvoel dat hierdie man in die skare nie baie liefde vir sy broer oorgehad het toe hy sy versoek tot Jesus gerig het nie. Die erfposie het tussen hulle gekom.

Baie van ons weet hoe erfposies al gemaak het dat broers en susters vir jare kwaad bly vir mekaar. Miskien het jy ook al deurgeloop onder iemand wie se liefde vir geld meer was as wat hy vir jou omgee het. Julle verhouding het seker nou nog nie heeltemal herstel

nie. Die man in die skare het seker rede gehad om ongelukkig te wees. Sy broer het hom heel moontlik gekul. Maar Jesus konfronteer hom oor die gierigheid in sy hart.

Die Here se onderrig oor liefde is baie duidelik. Ons moet God eerste liefhê en ons moet ons naaste soos onself liefhê. Gierigheid is egter 'n uitdrukking van ons liefde vir geld en onself wat meer is as wat ons vir God of ons naaste liefhet.

Gierigheid laat 'n mens van God en jou naaste vergeet, maar dit laat jou ook van die ewigheid en kortstondigheid van die lewe vergeet. Hierdie ryk dwaas het vir homself alles mooi uitgewerk gehad. Hy het vir hom 'n groot klomp goed bymekaargemaak. Hy het groter skure gebou om alles veilig daarin te bêre. Nou kon hy na al die baie jare se harde werk rustig lewe, lekker eet en net die lewe geniet.

Net toe hy in selftevredenheid rustig agteroor gaan sit, word hy tot sy sinne geruk. Soos 'n kanonskoot klink God se stem in sy ore:

Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? (Lukas 12:20 AFR53)

In sy slimigheid het hierdie ryk man gedink hy het aan alle moontlikhede gedink sodat hy vir baie lank van sy besittings kon geniet. Maar in sy mooi plannetjies het hy nooit die kortstondigheid van die lewe, God se regverdige oordeel of die ewigheid in berekening gebring nie. In daardie selfde nag is sy siel van hom geëis en so het hy en al sy kamtige besittings se paaie van mekaar geskei. Want waarheen hy is, kon hy dit nie saamvat nie; dit behoort immers aan die Here.

Ons moet dus maar mooi dink waarin ons ons lewe belê hier op aarde, want die wêreld se standaard van goeie beleggings en God se standaard van 'n goeie belegging staan lynreg teenoor mekaar. Die wêreld meet 'n mens se sukses aan die hoeveelheid besittings wat hy in sy leeftyd bymekaargemaak het. God beoordeel die waarde van 'n mens se lewe of die mens in die regte verhouding met God is.

In vandag se tyd sou die een of ander groot finansiële tydskrif 'n onderhoud met hierdie ryk dwaas gehad het. Hy het immers sy rykdom nie deur korrupsie verkry nie, maar deur harde werk en slim besluite. Hy sou aan die jong opkomende finansiële reuse voorgehou word as 'n navolgenswaardige mens. Hy het immers vir hom 'n goeie lewe op die aarde uitgewerk en nou kan hy die goeie van die lewe in oorfloed geniet. Is dit nie waarna almal maar strewe in hierdie lewe nie? Ons leer hard, want ons wil 'n goeie werk hê met 'n goeie salaris. Ons wil vir ons kinders net die beste in die lewe gee. Dit is mos nie verkeerd nie, of hoe?

Hierdie ryk dwaas se uitkyk op die lewe was lynreg teenoor die Here se standaard. Hierdie man het homself in hierdie wêreld gevestig. Hy het homself gehandhaaf, maar hy het homself nooit êrens verloën nie.

Hoe lyk God se standaard van 'n goeie belegging wat noemenswaardige opbrengste sal gee? Ons moet dit dadelik sê: Binne God se standaard is rykdom nie inherent verkeerd nie. Ons weet van verskeie mense in die Bybel wat baie ryk was – Job, Abraham, Isak, Jakob en Josef. Dit is mense wat deur die Here geseën is met 'n hegte verhouding met Hom en ook nog met materiële dinge. En hulle het geweet dat hulle dit net van die Here gekry het en tot sy eer moes bestuur. Hulle het nie aan hierdie goed geklou asof hulle lewe uit die oorfloed van hulle besittings bestaan nie. Hulle het met die goed wat hulle van die Here ontvang het, gelewe met hulle oog op die ewigheid gerig.

In dieselfde brief waarin Paulus geldgierigheid 'n wortel van alle euwels noem, spoor hy vir Timoteus aan om die rykes in die gemeente die volgende te leer:

Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.

(1 Timoteus 6:17-19 AFR53)

'n Goeie belegging wat waarlik goeie opbrengste sal lewer, is nie 'n belegging wat jou in hierdie wêreld gaan vestig nie. Dit is 'n belegging in goed doen, goeie werke, vrygewigheid en mededeelsaamheid. God se standaard van 'n goeie belegging behels dat ek eerste vir die Here sal vra hoe ek dit wat ek van Hom ontvang het kan gebruik dat sy eer en sy koninkryk bevoordeel kan word.

Die eerste deposito wat 'n mens behoort te maak is om jou lewe in die hande van Jesus Christus oor te gee. Wanneer die Heilige Gees 'n mens se oë oopmaak vir die evangelie van Jesus Christus en Hy skenk jou die genade om te verstaan dat jou lewe van Christus afhanklik is en nie van aardse goed nie, lê dan jou lewe in Christus se hande. Hy is immers ons geregtigheid voor God en Hy is die Koning in God se koninkryk.

Al ons goeie en mooi werke kan nie naastenby eers begin om ons sondeskuld by God af te betaal nie. Alles wat ons doen, selfs ons beste werke, is met sonde besmet. Christus se vereffening van ons sondeskuld is die enigste volmaakte betaling wat God aanvaar. Christus het immers aan die kruis gesê:

Dit is volbring! (Johannes 19:30 AFR53)

Die woord wat ons met *volbring* vertaal, kan ook vertaal word met *ten volle betaal*. Die loon van die sonde is die dood en Christus het daardie prys betaal vir elkeen wat sy lewe in die hande van Christus oorgee en net op Hom alleen vertrou vir die eindbestemming van sy lewe. Die mens in wie se lewe Jesus Christus die Koning is, het ook die eerste deposito van die Here ontvang, naamlik die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat dan ook 'n mens se uitkyk op die gawes wat die Here gee, verander. Hy lei die Christen om raak te sien dat alles wat hy is en het gawes van die Here is. En met sy oog gevestig op die ewigheid begin die Christen ook meer en meer die Heilige Gees se wysheid afsmeek in die gebruik van hierdie gawes. Ons behoort eintlik in alles so te werk met die gawes van die Here asof ons vandag nog rekenskap voor sy troon moet gee van wat Hy vir ons gegee het om tot sy eer te gebruik.

Laat ons met danksegging geniet wat die Here ons ryklik skenk terwyl ons ons oog heelyd hou op Jesus Christus wat ons na ons ewige bestemming lei. Mag dit dan uit ons gebruik van God se gawes duidelik word waarheen ons op pad is en waar ons belegging gemaak is.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:9, 10, 11 (26:9, 10, 11)

- 9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 Januarie 2015